higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5

(20060105)

12 Oktober 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

223Q1B2012

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing in KOLOM A om by 'n term in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Agent van sosialisering tydens VKO	A	serebrale verlamming
1.1.2	Veroorsaak deur skade aan 'n gedeelte van die brein	B	teken van disleksie
1.1.3	Verwarring van letters, bv. 'b' en 'd'	C	babbel
1.1.4	Eksterne agent wat 'n jong kind beïnvloed	D	herediteit
1.1.5	Voorbeeld van antisosiale gedrag	E	sus
1.1.6	Gilletjies ('squealing') – gorrelgeluide om aan te dui dat 'n baba gelukkig is	F	pediater
1.1.7	Herhaling van woorde of klanke deur 'n baba	G	die familie
1.1.8	Emosionele band wat kinders met versorgers vorm	H	Eggolalie
1.1.9	Vorm van afleiding van 'n onaangename werklikheid	I	selfsugtigheid
1.1.10	Geaardheid gekarakteriseer deur pessimisme en buierigheid	J	koleries
		K	babageluide ('cooing')
		L	die internet
		M	aanhanklikheid ('attachment')
		N	melankolie
		O	ontvlugting ('Escapism')

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Onderhoude hou die nadeel in dat dit vir die respondent indringerig kan voorkom.

1.2.2 Nieverbale kommunikasie verwys na liggaamsbewegings, oog-kontak en gesigsuitdrukkings.

1.2.3 Oormatige televisiekykery inhibeer 'n kind se kreatiewe denke en kognitiewe vaardighede.

1.2.4 Wanneer 'n kind van 18–24 maande vorder om tweewoordsinne te uiter, word dit holofrastiese spraak genoem.

1.2.5 Moeders in die sosio-ekonomiese middelklas verleen meer ondersteuning aan hul kinders, wat hul taalontwikkeling verbeter.

1.2.6 Sosiale onttrekking is 'n fisieke gevolg van stres.

1.2.7 'n Kind wat 'n introvert is, maak volgens sy karakter maklik vriende.

(10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Sosialisering verwys na:

A Weerlegging van die gedragsnorme van die samelewing
B Onvanpaste gedragsimpulse
C Aanpassing van jou gedrag by die norme van die samelewing
D Ontwikkeling van sosiale norme en standaarde

1.3.2 'n Toets wat uit 'n reeks van 10 onreëlmatige, simmetriese inkkolle bestaan, word genoem die:

A Teken-'n-persoon-toets
B Rorschach-inkkladtoets
C Thematiese-appersepsietoets
D Holtzman-inkkladtoets

1.3.3 'n Diepgaande, gedetailleerde ontleding van 'n spesifieke onderwerp staan bekend as 'n:

A Opname
B Gradering
C Waarneming
D Gevallestudie

Kopiereg voorbehou

1.3.4 Die element vuur word geassosieer met:

A Koleries
B Melankolies
C Flegmaties
D Sanguinies

1.3.5 'n Voorbeeld van seksisme is:

A Alle Indiërs is lief vir kerrie
B Afrika-studente het 'n hoër waardering vir onderwys
C Meisies giggel, seuns lag
D Jong kinders word net deur diskriminasie geraak

1.3.6 'n Formele vergadering waar een of meer persone 'n ander persoon ondervra:

A Opname
B Onderhoud
C Gevallestudie
D Gradering

1.3.7 'n Voordeel van die gebruikmaking van 'n vraelys is:

A Die koste is laag
B Response is maklik kwantifiseerbaar
C Die betroubaarheid is beperk
D Dit maak die versameling van data van groot groepe moontlik

1.3.8 'n Toegeeflike (permissiewe) ouer sal:

A Meer responsief as veeleisend wees
B Meer veeleisend en minder responsief wees
C Min belangstelling in die kind se aktiwiteite toon
D Nieresponsief of veeleisend wees

1.3.9 'n Vorm van stres wat vir jou energie, krag en motivering gee, word beskou as:

A Angs
B Hipostres
C Hiperstres
D Eustres

Kopiereg voorbehou

1.3.10 Wanneer 'n ouer te eniger tyd meer as een eggenoot het, staan dit bekend as 'n … gesin.

A nukleêre
B uitgebreide
C poligame
D enkelouer-

(20)
(10 × 2) **[50]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Vroeëkinderontwikkelingsentrums (crèche'e) is fasiliteite wat onderrig en ondersteuning verskaf wat geskik is vir 'n kind se ouderdom en stadium.

Bespreek VYF punte wat wys hoe die bywoning van 'n VKO-sentrum 'n kind met die proses van sosialisering kan help. (5 × 2) (10)

2.2 'n Portuurgroep is 'n sosiale groep mense met dieselfde belangstellings, ouderdom, agtergrond en sosiale status.

2.2.1 Verduidelik wat kinders by hul portuurgroep leer. (3)

2.2.2 Noem DRIE voorbeelde van ondersteuning wat deur die portuur-groep gegee word. (3)

2.3 Hippokrates het vier soorte persoonlikheid geïdentifiseer wat menslike gedrag beïnvloed.

Bespreek VIER eienskappe van die sanguiniese temperament. (4 × 2) (8)

2.4 Identifiseer VIER metodes vir persoonlikheidbeoordeling. (4)

2.5 Definieer die volgende terme:

2.5.1 Plaasvervangende versterking ('vicarious reinforcement')

2.5.2 Genotbeginsel ('pleasure principle')

(2 × 2) (4)

2.6 Geleenthede vir waarnemingsleer kom elke dag vir jong kinders in hul eie omgewings voor.

Verduidelik kortliks die proses van waarnemingsleer. (4 × 2) (8)

2.7 Professionele persone en dienste wat met vroeëkinderontwikkeling gemoeid is, moet opgevoed word oor die impak wat televisiekykery op vroeëkinder-ontwikkeling het.

Noem kortliks VYF voordele wat televisiekykery vir vroeëkinderontwikkeling inhou. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Onderrigmetodes verwys na algemene beginsels en bestuurstrategieë wat in die klaskamer vir onderrig gebruik word.

TABULEER die verskille tussen 'n outokratiese en demokratiese onderwyser. Lig DRIE verskille van elke styl uit. (6 × 2) (12)

3.2 Identifiseer hoe die volgende faktore 'n kind se taalverwerwing beïnvloed:

3.2.1 Geboortevolgorde: eersgebore kinders

3.2.2 Geboortevolgorde: middelste kinders

3.2.3 Geboortevolgorde: jonger kinders

3.2.4 Meerlinggeboortes

3.2.5 Gesinsgrootte

(5 × 2) (10)

3.3 Identifiseer VYF interne faktore wat kinders se taalverwerwing beïnvloed. (5)

3.4 Definieer die volgende terme:

3.4.1 Tweetaligheid

3.4.1 Gekose stomheid

(2 × 2) (4)

3.5 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Dit was Paul se eerste dag in graad 1 by die Berea-Wes-voorbereidingskool. Hy was nogal bang en senuagtig. Toe juffrou Sharp Paul vra om op te staan en homself aan die klas voor te stel, het hy begin sweet en dit het gelyk asof sy gesingspiere saamtrek. Al wat hy kon sê, was: 'Goe-goe-goeiemore almal. My naameis P-p-p-paul. Ek is bly om hier te wees.' Die klas het uitgebras van die lag en Paul het uitgehardloop.

3.5.1 Identifiseer die taalprobleem. (1)

3.5.2 Noem VIER eienskappe van hierdie toestand. (4)

3.5.3 Noem VYF moontlike oorsake vir hierdie taalprobleem. (5)

3.5.4 Gee VYF moontlike adviesstrategieë waarmee hierdie taalprobleem hanteer kan word. (5)

3.6 Onderskei tussen *reseptiewe* taalbegrip en *ekspressiewe* taalbegrip. (2 × 2) (4)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die inligting hier onder en beantwoord die vrae.



'Onderwys is die magtigste wapen
wat jy kan gebruik om die wêreld te verander'
–Nelson Mandela
Nelson Mandela was een van Suid-Afrika se eerbaarste leiers.

4.1 Noem SES eienskappe van 'n goeie leier. (6 × 2) (12)

4.2 Definieer die volgende terme:

4.2.1 Stres

4.2.2 Vooroordeel (2 × 2) (4)

4.3 Identifiseer en verduidelik VYF soorte diskriminasie wat algemeen in die samelewing voorkom. (5 × 2) (10)

4.4 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Suid-Afrika se berugte hoë misdaadsyfer het afgeneem, maar dit voel nie so nie.

Die misdaadsyfer in Suid-Afrika het met 1,8% afgeneem, maar selfs die polisie stem saam dat die land nie veel veiliger voel nie.

"Ja, ons het 'n 1,8%-afname in misdaad, maar ek voel dit nie en ons mense voel dit nie en hulle is reg," het Fikile Mbalula, Minister van Polisie, vir die Parlement tydens 'n regstreekse uitsending gesê.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het vandag (24 Oktober) sy jaarlikse misdaadstatistiek vrygestel, wat die aanklagte verteenwoordig wat polisiestasies in die 2016/17-boekjaar aangeteken het, ongeag of daardie aanklagte tot veroordelings gelei het. Die land vind dit moeilik om van sy reputasie as een van die wêreld se misdaadhoofstede ontslae te raak ten spyte van vordering wat met die bekamping van misdaad gemaak is.

Vanjaar, alhoewel daar 'n klein algehele afname was, toon die historiese tendense dat die meeste soorte misdaad oor die afgelope vyf jaar toegeneem het. Baie kommerwekkend is die aard van hierdie misdade.

Deur Lynsey Chutel
24 Oktober 2017

[Bron van uittreksel: Quartz Africa - *https://qz.com/africa/*]

4.4.1 Verduidelik hoe misdaad kinders raak met verwysing na die uittreksel hier bo. (5 × 2) (10)

4.4.2 Identifiseer moontlike faktore wat tot die hoë misdaadsyfer in Suid-Afrika bydra op grond van jou ontleding van die artikel en jou persoonlike ondervinding.

Noem enige VYF. (5)

4.5 Bestudeer die prente hier onder en beantwoord die vrae.





ENKELOUERGESINNE

4.5.1 Identifiseer DRIE oorsake wat tot enkelouergesinne aanleiding gee. (3)

4.5.2 Verduidelik DRIE stressors wat deur enkelouerhuishoudings ondervind word op grond van jou ontleding van die prente hier bo. (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou